higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TOERISMEBEDRYWIGHEDE
NKR VLAK 4

22 November 2024

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 1.1.1 ’n Toelaag afsonderlik van die diskresionêre toelaag, wat gebruik word deur maatskappye wie se verteenwoordigers gereeld reis

1.1.2 ’n Plan vir ’n reis✓ wat verskillende plekke noem in die volgorde waarin dit besoek sal word✓

1.1.3 ’n Kort reis of uitstappie OF minder as 24 uur,✓ veral as ’n ontspanningsaktiwiteit✓

1.1.4 ’n Klomp vrae✓ in ’n opname wat gebruik word om inligting te versamel✓

1.1.5 Natuurlike rampe,✓ soos vloede of storms✓

(5 × 2) (10)

1.2 1.2.1 (a) Thaise baht
(b) Nieu-Seelandse dollar

(2 × 2) (4)

1.2.2 30 September 2024 of 60 dae voor vertrek (2)

1.2.3 (a)
- As dit wegraak, kan vervangings enige plek ter wêreld uitgereik word.
- Sodra dit gekoop is, is die wisselkoers gesluit vir die duur van die reis.
- Daar is geen betaling of kommissie wanneer jy reistjeks wissel nie.
- Dit is maklik en veilig om te gebruik. (4)

(b)
- Bekragtig die tjek met jou handtekening in die teenwoordigheid van die bankamptenaar.
- Toon jou paspoort as vorm van identifikasie.
- Toon jou verkoopsadvies.
- Die amptenaar sal magtiging kry voordat die tjek gewissel word.
- Dis belangrik om nie die tjek met jou handtekening te bekragtig totdat dit gewissel word nie en slegs in die teenwoordigheid van die amptenaar. (5)

(c)
- Kontant/Buitelandse note
- Kredietkaart
- Kontantkaart
- Voorafgelaaide debietkaart/Reiskaart (4)

(d)
- Banke
- Grensposte
- Valuta-agentskappe
- Internet
- Reisagentskappe
- Koerante (Enige 3 × 1) (3)

(e) Mnr Boesak – R1 000 000✓
Sy vrou – R1 000 000✓
18-jarige seun – R1 000 000✓
15-jarige dogter – R200 000✓
Totaal = R3 200 000✓✓

OF

R160 000.00✓
R160 000.00✓
18-jarige seun – R160 000.00✓
15-jarige dogter – R50 000.00✓
Totaal = R530 000.00✓✓

(6)

(f) 30 dae (2)
[40]

VRAAG 2

2.1 Spesialebelangetoer (2)

2.2 Die toer is gemik op ’n spesifieke groep mense,✓ diegene wat in sport/rugby belangstel.✓ (2)

2.3
- Plaaslike en internasionale vlugte en lughawebelasting
- Alle vervoer
- Ekskursies wat nie genoem word nie, opsionele ektras/opsionele besigtigingstoere
- Persoonlike items soos telefoonoproepe, wasgoed, ensovoorts
- Etes en drankies wat nie gespesifiseer is nie
- Fooitjies en kruierslone
- Visa (vereiste vir Suid-Afrikaanse paspoorthouers) (Enige 3 × 1) (3)

2.4 R43 590 per persoon wat deel (2)

2.5 Vier-ster-hotel (2)

2.6 Kwarteindstryd 2 of 14 Oktober✓ en kwarteindstryd 4 of 15 Oktober✓ (2)

2.7 2.7.1 Onvoorsiene omstandighede wat iemand verhoed om 'n kontrak na te kom

OF

'n Regsterm wat dui op 'n onverwagse groot gebeurtenis wat maak dat iemand iets doen

2.7.2 Die fooi wat deur kruiers gehef word om goed te dra, byvoorbeeld bagasie

(2 × 2) (4)

2.8
- Kliënte mag nie enige wedstrydkaartjies herverkoop, aanbied of blootstel of verhandel, of op enige manier aan 'n ander party beskikbaar maak nie.
- Kliënte mag nie hierdie pakket vir pryse, kompetisies of enige promosiedoeleindes gebruik nie.
- Elke reisiger moet hul volle name en afskrif van hul paspoort aan ons verskaf sodat Edusport kan rekord hou van alle wedstrydkaartjies wat gekoop word. (3 × 2) (6)

2.9 Edusport Travel sal nie teenoor kliënte aanspreeklik wees vir hul onvermoë om enige verpligtinge ingevolge hierdie ooreenkoms wat deur 'n force majeure-gebeurtenis veroorsaak is, uit te voer nie. (2)

2.10 R43 590 × 5 pakkette✓ = R217 950✓
R217 950 × 7%✓ = R15 256,50✓✓ (5)

2.11
- Oorweeg dit om die toer met 'n paar dae te verkort of vereenvoudig die reisplan.
- Bereken die prys van die toer teen 'n hoër minimum verwagting.
- Onderhandel meer en probeer laer koerse of hoër bykommissies onderhandel.
- Oorweeg 'n toerbestuurder wat in die buiteland bly.
- Verlaag die hotelkategorie met een vlak.
- Laat alle etes uit, behalwe 'n verwelkomings- en afskeidsetefunksie.
- Beplan 'n goedkoper toerbrosjure.
- Publiseer meer as een toer in dieselfde brosjure. (Enige 6 × 1) (6)

2.12
- Kussinggeskenke
- Ontmoet-en-groet
- Gratis drankies en etes
- Kruierslone en fooitjies
- Reissakke
- Afskeidsetes (Enige 4 × 1) (4)

[40]

VRAAG 3

3.1 3.1.1 ZAR150 000 ÷✓ 16,6595✓ = EUR9 003 reistjeks✓
3.1.2 ZAR10 000 ×✓ 0,0627✓ = CHF627✓

(3 × 2) (6)

3.2 EUR2 500 ×✓ 18,0047✓ = ZAR45 011,75✓ (3)

3.3 3.3.1 Ongeveer 28 grade Celsius✓✓ en reënerige weer, want dit dui tot 68 mm✓✓ reën vir Oktober aan (4)

3.3.2 Julie (2)

3.3.3 September (2)

3.3.4
- Toeriste verwag lekker weer wanneer hulle reis.
- Sekere aktiwiteite of besienswaardighede word deur die weer beïnvloed.
- Kliënte moet weet watse klere om te pak. (3)

3.4
- Bepaal die kliënt se begeertes en behoeftes.
- Bepaal die tyd van die jaar.
- Bepaal die dag van die week waarop die toer moet begin.
- Bepaal die duur van die toer.
- Kies betroubare, goed gefinansierde reisagente.
- Reël treffende bestemmings, geleenthede of besienswaardighede op die eerste en laaste dag van die reisplan.
- Skeduleer praktiese vlugte.
- Skeduleer so min as moontlik hotelveranderings.
- Skeduleer 'n algemene stadstoer as een van die eerste aktiwiteite.
- Skeduleer 'n billike aantal aktiwiteite.
- Kies interessante roetes.
- Beperk busritte tot 'n billike duur.
- Gee die toer 'n groot verskeidenheid eienskappe.
- Dui al die toeraktiwiteite op 'n kalendertipe kaart aan. (Enige 5 × 2) (10)

3.5
- Kanselleer die toer en verwys die kliënte na 'n bestaande toer van 'n ander reisagent.
- Verhoog die toerprys en bestuur dit sonder om die beloofde eienskappe te verminder.
- Verander die toer sodat reisigers nie meer voltyds vergesel word nie.
- Oorweeg dit om 'n minibus te gebruik in plaas van 'n groot bus.
- Sluit minder besienswaardighede of aktiwiteite in. (5 × 2) (10)

[40]

VRAAG 4

4.1
- Belangstellings✓ – sport, natuur en kultuur✓
- Fisiese beperkings✓ − geen✓
- Onderwerp✓ – eerstehokkiespantoer✓
- Duur✓ – ses nagte en sewe dae✓
- Prysvlak✓ – R3 500 per persoon✓
- Voordeel vir die gemeenskap✓ – die gemeenskap sal finansieel baat vind by die geld wat tydens die groep se verblyf by die verskillende plekke spandeer word✓ (6 × 2) (12)

4.2 (15)

KOSTEBEREKENINGSTAAT – GREY COLLEGE-HOKKIETOER		
KOMPONENTE	**BEREKENING**	**TOTAAL**
Tankwa Karoo Nasionale Park	**R52 per volwassene × 2 = R104** **R26 per skolier × 15 = R390**	**R494✓**
Kangogrotte	**ERFENISTOER** **Die ERFENISTOER vertrek daagliks elke uur op die uur van 09:00 tot 16:00.** **Toegangsfooie** **Volwassenes: R170 × 2 = R340** **Skoliere: R120 × 15 = R1 800**	**R2 140✓**
Cango Wildlife Ranch	**Volwassenes: R210 × 2 = R420** **Skoliere: R130 × 15 = R1 950**	**R2 370✓**
Dias Museumkompleks	**Kompleks en karveel** **Volwassenes: R40 × 2 = R80** **Kinders onder 18: R10 × 15 = R150**	**R230✓**

Outeniqua Vervoermuseum 	**R20 per persoon × 17**	**R340✓**
Kleinplaas – Oudtshoorn, twee nagte Kleinplaas Self Catering / Holiday Resort **Twee-slaapkamer-chalet (slaap ses)**	**R1 766 per nag per chalet** **R1 766 × 3 chalets✓**	**R5 298✓**
Pine Lodge Resort – George Vier nagte PINE LODGE RESORT **Twee-slaapkamer (slaap ses)**	**ZAR1 514,70 Koste vir een nag, ses gaste** **R1 514,70 × 3**	**R4 544,10✓**
Etes	**R150 per persoon per dag** **(R150 × 17) × 7 dae✓**	**R17 850✓**
Subtotaal		**R33 266,10✓**
5% marge	**R33 266,10 × 5%**	**R1 633,31✓**
Totaal vir toergroep	**R33 266,10 + R1 633,31**	**R34 899,41✓**
Koste per persoon	**R34 899,41 ÷ 17 persone✓**	**R2 052,91 per persoon✓**

4.3 Ja,✓ die skool se begroting was R3 500 per persoon en die totaal van die toer per persoon is slegs R2 052,91 per persoon.✓ (1 + 2) (3)

4.4 Vaste koste wissel nie volgens die aantal passasiers in die groep nie.✓ Veranderlike koste word deur die aantal passasiers in die groep bepaal.✓ (2)

4.5	4.5.1	Vaste		
	4.5.2	Veranderlike		
	4.5.3	Vaste		
	4.5.4	Veranderlike		
			(4 × 2)	(8)
				[40]

VRAAG 5

5.1	5.1.1	EUR275 ×✓ 16,0538✓ = ZAR4 414,80✓		
	5.1.2	GBP315✓ × 21,2081✓ = ZAR6 680,55✓		
	5.1.3	THB425✓ ÷ 2,3483✓ = ZAR180,98✓		
			(3 × 3)	(9)
5.2	5.2.1	Ses reisigers		(2)
	5.2.2	• Drie- of vier-ster-verblyf • Avis-kombihuur • Kooktoer om Indiese kookkuns te ervaar • Vlug met Safair van OR Tambo Internasionale Lughawe na Durbanse Internasionale Lughawe	(Enige 2 × 2)	(4)
	5.2.3	Onwaar		(1)
	5.2.4	Dit is ’n vlug-ry-toer,✓ want die passasiers vlieg van OR Tambo Internasionale Lughawe na Durbanse Internasionale Lughawe, van waar hulle vir die duur van hul toer met ’n Avis-kombi sal ry.✓		(2)
	5.2.5	Opsie B of Midlands Forest Lodge		(2)
	5.2.6	Dit is ’n drie-ster-opsie volgens die kliënt se versoek/behoeftes/voorkeure.		(2)
	5.2.7	• Toerisme Graderingsraad van Suid-Afrika • The Hotel and Travel Index • The Official Hotel Guide • Die internet • GSA	(Enige 3 × 1)	(3)
5.3	5.3.1	D		
	5.3.2	A		
	5.3.3	C		
	5.3.4	F		
	5.3.5	B		
			(5 × 2)	(10)

5.4
- Om te bepaal of die toer aanvaarbaar was
- Om te bepaal of die kliënte tevrede was
- Om die reis te beoordeel en te bepaal wat om in die toekoms aan te pas of te verbeter
- Om te bepaal of die hotelklas en kwaliteit die toerprys regverdig
- Om te bepaal of daar enige klagtes oor die etes was
- Om te bepaal of die pas van die toer vir die groep geskik was
- Om te bepaal of die toer al die belangrike persele in die area ingesluit het
- Om te bepaal of die groep genoeg vryetyd gehad het (Enige 5 × 1) (5)

[40]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou